# iVangeli verander die lewe van *kinders*

—deur Lisa Ekman




Vyf en sewentig persent mense wat kerk toe gaan, het as kinders Sondagskool bygewoon. Meer as die helfte van volwasse kerkgangers sien ook Sondagskool as iets wat 'n belangrike invloed op hulle lewens gehad het. "Ons wil hê dat die volwassenes van môre dieselfde moet sê," sê Lisa Ekman van iVangeli Kurrikulum.

> iVangeli rus kerke toe met 'n kurrikulum wat kinders binne die bestek van twaalf jaar vier keer deur die Bybel neem.

iVangeli rus kerke toe met 'n kurrikulum wat kinders binne die bestek van twaalf jaar vier keer deur die Bybel neem en hulle help om die Evangelie van Christus te verstaan met lesse uit beide die Ou en Nuwe Testament.

## Kinders se geestelike groei

George Barna sê in sy boek, 'Transforming Children into Spiritual Champions' dat dit God se plan is dat die gesin die plek is waar die geestelike ontwikkeling van kinders moet plaasvind. Vier uit elke vyf jong mense wil 'n verhouding met God as die hoeksteen van hulle lewe hê. Dit is egter waar dat slegs 10% van die ouers wat gereeld kerk toe gaan, die Bybel by die huis as 'n gesin saam lees. Min gesinne bid saam, of neem saam aan die een of ander geestelike aktiwiteit deel. Ouers hou dikwels op om hulle kinders saam te neem kerk toe, lank voordat hulle ophou om die kinders skool toe te neem.

Die verantwoordelikheid vir kinders se Bybelse onderrig berus egter by die ouers, soos beskryf in Deuteronomium 6:6-7 "*Hierdie gebooie wat Ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.*"

## Ouers moet betrokke wees

Lisa sê dat ons nie kan verwag om die morele kern van ons kinders te ontwikkel of te verander met 'n Sondagskoolles een uur per week nie. Sy moedig ouers aan om betrokke te wees, die Skrif te lees en die aktiwiteite op die aktiwiteitsbladsye saam met hulle kinders te doen en om gesprekke met hulle kinders te voer oor wat hulle gedurende die week geleer het. Sondagskoolonderwysers word aangemoedig om die lesse aan te pas en te verander, om dit hulle eie te maak en om huidige wêreldgebeure te bespreek.

iVangeli wil die kurrikulum in die hande van Sondagskoolonderwysers plaas sodat die tyd by die Sondagskool die beste uur van 'n kind se week is. Die materiaal is ontwikkel en aangepas vir Suid-Afrikaanse plaaslike kerke. Die kurrikulum is hierdie jaar in Afrikaans vrygestel; die aktiwiteitsbladsye is dus nou beskikbaar in Engels, Afrikaans, Zulu en Xhosa. ▪

**Lisa Ekman,** *besturende direkteur van iVangeli Kurrikulum kan gekontak word by: admin@ivangeli.org of besoek www.ivangeli.org om 'n bestelvorm of voorbeeldles af te laai, of skakel: 011 624 0295.*





